

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

WINDHOEK

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Maandag 15 November 1982

Monday 15 November 1982

No. 4705

INHOUD:

Bladsy

CONTENTS:

Page

PROKLAMASIE

No. AG. 29 Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede en Wanaanwending van Eiendom by Verteenwoordigende Owerhede in, en die Sentrale Owerheid van, Suidwes-Afrika: Toepassing van Kommissiewet, 1947, en Uitvaardiging van Regulasies

PROCLAMATION

No. AG. 29 Commission of Inquiry into Alleged Irregularities and Misapplication of Property in Representative Authorities in, and the Central Authority of, South West Africa: Application of Commissions Act, 1947, and making of Regulations

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 29 1982

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA BEWEERDE ONREËLMATIGHEDE EN WANAANWENDING VAN EIENDOM BY VERTEENWOORDIGENDE OWERHEDE IN, EN DIE SENTRALE OWERHEID VAN, SUIDWES-AFRIKA: TOEPASSING VAN KOMMISSIEWET, 1947, EN UITVAARDIGING VAN REGULASIES

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby die bepalings van genoemde Wet van toepassing op die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede en Wanaanwending van Eiendom by Verteenwoordigende Owerhede in, en die Sentrale Owerheid van, Suidwes-Afrika deur my aangestel, waarvan die aanstelling by Goewermentskennisgewing AG.

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 29 1982

COMMISSION OF INQUIRY INTO ALLEGED IRREGULARITIES AND MISAPPLICATION OF PROPERTY IN REPRESENTATIVE AUTHORITIES IN, AND THE CENTRAL AUTHORITY OF, SOUTH WEST AFRICA: APPLICATION OF COMMISSIONS ACT, 1947, AND MAKING OF REGULATIONS

Under the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare the provisions of the said Act to be applicable to the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities and Misapplication of Property in Representative Authorities in, and the Central Authority of, South West Africa appointed by me, the appointment of which was made known by Government Notice AG. 163 of

163 van 1982 bekend gemaak is, en vaardig ek hierby die regulasies in die Bylae vervat met betrekking tot genoemde Kommissie uit.

D.J. HOUGH

Administrateur-generaal Windhoek, 10 November 1982

BYLAE

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

“beampte” iemand wat kragtens hierdie regulasies aangestel of aangewys is om die Kommissie behulpsaam te wees;

“dokument” ook ’n boek, pamflet, aantekening (insluitende ’n band- of ander meganiese opname van enigiets), lys, omsendbrief, plan, plakkaat, aanplakbiljet, publikasie, tekening, foto of prent;

“Kommissie” die in Goewermentskennisgewing AG. 163 van 1982 bedoelde Kommissie van Ondersoek na Beweerde Onreëlmatighede en Wanaanwending van Eiendom by Verteenwoordigende Owerhede in, en die Sentrale Owerheid van, Suidwes-Afrika;

“lid” enige lid van die Kommissie;

“ondersoek” die ondersoek wat deur die Kommissie ingestel word in die uitvoering van sy opdrag;

“perseel” ook grond of ’n gebou of bouwerk of ’n gedeelte van ’n gebou of bouwerk of ’n voertuig, vaartuig, lugvaartuig of ander vervoermiddel;

“Voorsitter” die Voorsitter van die Kommissie.

2. Die Voorsitter kan een of meer persone op die voorwaardes wat die Administrateur-generaal bepaal —

(a) aanstel om die Kommissie by of in verband met die uitvoering van sy ondersoek behulpsaam te wees;

(b) aanwys om by die ondersoek aanwesig te wees en getuienis en argumente wat op die ondersoek betrekking het aan te voer en om getuies wat voor die Kommissie verskyn te kruisverhoor onderworpe aan die bepalings van regulasie 7;

(c) aanstel om die Kommissie andersins by die uitvoering van sy werksaamhede behulpsaam te wees.

3. Die Voorsitter bepaal die prosedure wat deur die Kommissie gevolg word.

1982, and I hereby make the regulations set out in the Schedule with reference to the said Commission.

D.J. HOUGH

Administrator-General Windhoek, 10 November 1982

SCHEDULE

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —

“Chairman” means the Chairman of the Commission;

“Commission” means the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities and Misapplication of Property in Representative Authorities in, and the Central Authority of, South West Africa referred to in Government Notice AG. 163 of 1982;

“document” includes any book, pamphlet, record (including any tape or other mechanical recording of anything), list, circular, plan, placard, poster, publication, drawing, photograph or picture;

“inquiry” means the inquiry conducted by the Commission in the execution of its terms of reference;

“member” means any member of the Commission;

“officer” means any person appointed or designated under these regulations to assist the Commission;

“premises” includes any land or any building or structure or any part of any building or structure or any vehicle, vessel, aircraft or other means of transport.

2. The Chairman may, on such conditions as the Administrator-General may determine —

(a) appoint one or more persons to assist the Commission in, or in connection with, the execution of its inquiry;

(b) designate one or more persons to be present at the inquiry and to present evidence and arguments which have a bearing on the inquiry and to cross-examine witnesses appearing before the Commission subject to the provisions of regulation 7;

(c) appoint one or more persons otherwise to assist the Commission in the execution of its functions.

3. The Chairman shall determine the procedure to be followed by the Commission.

4. (1) Die verrigtinge van die Kommissie word genotuleer op die wyse wat die Voorsitter bepaal.

(2) Iemand wat aangestel is om die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif aan te teken of op meganiese wyse op te neem of om sodanige verrigtinge wat aldus aangeteken of opgeneem is, te transkribeer, moet vooraf voor die Voorsitter of 'n beamppte deur die Voorsitter in die algemeen of in die besonder daartoe gemagtig, 'n eed of bevestiging in die volgende vorm aflê:

"Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestiging en verklaar —

- (a) dat ek getrou en na my beste vermoë die verrigtinge van die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede en Wanaanwending van Eiendom by Verteenwoordigende Owerhede in, en die Sentrale Owerheid van, Suidwes-Afrika in snelskrif sal aanteken/op meganiese wyse sal opneem soos deur die Voorsitter van genoemde Kommissie gelas;
- (b) dat ek enige snelskrif-aantekeninge/meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie van Onderzoek na Beweerde Onreëlmatighede en Wanaanwending van Eiendom by Verteenwoordigende Owerhede in, en die Sentrale Owerheid van, Suidwes-Afrika, deur wie ook al gemaak, wat ek op las van die Voorsitter van genoemde Kommissie moet transkribeer, volledig en na my beste vermoë sal transkribeer."

(3) Geen snelskrif-aantekeninge of meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie mag getranskribeer word nie behalwe op las van die Voorsitter.

5. (1) Elke persoon wat diens doen of behulpsaam is by die uitvoering van die Kommissie se werksaamhede, met inbegrip van iemand wat aangestel is om die verrigtinge van die Kommissie wat in snelskrif aangeteken of op meganiese wyse opgeneem is, te transkribeer, moet ten aansien van die werksaamhede, verrigtinge en dokumente van die Kommissie en enige aangeleentheid of inligting waarvan hy by die vervulling van sy pligte in verband met bedoelde werksaamhede, te wete kom, geheimhouding bewaar en help bewaar, behalwe vir sover bekendmaking van sodanige verrigtinge, dokumente, aangeleentheid of inligting vir doeleindes van die Kommissie se verslag of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is, en elke sodanige persoon, behalwe 'n lid van die Kommissie, moet, vooraf voor die Voorsitter of 'n beamppte deur die Voorsitter in die algemeen of in

4. (1) The proceedings of the Commission shall be recorded in such manner as may be determined by the Chairman.

(2) Any person appointed to take down or record the proceedings of the Commission in shorthand or by mechanical means or to transcribe such proceedings which have been so taken down or recorded, shall at the outset take an oath or make an affirmation before the Chairman or an officer generally or specifically authorised thereto by the Chairman in the following form:

"I, A.B., declare under oath/affirm and declare —

- (a) that I shall faithfully and to the best of my ability take down in shorthand/record by mechanical means the proceedings of the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities and Misapplication of Property in Representative Authorities in, and the Central Authority of, South West Africa as ordered by the Chairman of the said Commission;
- (b) that I shall transcribe fully and to the best of my ability any shorthand notes/mechanical record of the proceedings of the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities and Misapplication of Property in Representative Authorities in, and the Central Authority of, South West Africa, made by any person whatsoever, which I am ordered by the Chairman of the said Commission to transcribe."

(3) No shorthand notes or mechanical record of the proceedings of the Commission shall be transcribed except by order of the Chairman.

5. (1) Every person employed or assisting in the execution of the functions of the Commission, including any person appointed to transcribe the proceedings of the Commission which have been taken down in shorthand or recorded by mechanical means, shall preserve, and aid in preserving, secrecy with regard to the functions, proceedings and documents of the Commission and any matter or information which may come to his knowledge in the performance of his duties in connection with the said functions, except in so far as the disclosure of such proceedings, documents, matter or information shall be necessary for the purposes of the Commission's report or in terms of an order of a competent court, and every such person, except a member of the Commission, shall at the outset take an oath or make an affirmation of fidelity and secrecy before the Chairman or an of-

die besonder daartoe gemagtig, 'n eed of bevestiging van getrouheid en geheimhouding in die volgende vorm aflê:

"Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar dat, behalwe vir sover dit vir die doeleindes van die verslag van die Kommissie van Ondersoek na Beweerde Onreëlmatighede en Wanaanwending van Eiendom by Verteenwoordigende Owerhede in, en die Sentrale Owerheid van, Suidwes-Afrika of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is, ek geen aangeleentheid of inligting waarvan ek by of in verband met die ondersoek van genoemde Kommissie, of die vervulling van my pligte in verband daarmee, te wete kom of gekom het, aan enigiemand sal meedeel nie en dat ek niemand sal toelaat of veroorloof om toegang tot die verrigtinge en dokumente van genoemde Kommissie, met inbegrip van enige aantekening, opname of transkripsie van die verrigtinge van genoemde Kommissie, in my besit of bewaring of in die besit of bewaring van genoemde Kommissie of 'n beampte te verkry nie."

(2) Niemand mag, behalwe vir sover dit by die uitvoering van die Kommissie se opdrag of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is, die verslag van die Kommissie of 'n afskrif of 'n gedeelte daarvan of enige uittreksel daaruit of bevinding, aanbeveling of inligting daarin vervat, publiseer of aan iemand anders verstrek of meedeel tensy en totdat die Administrateur-generaal die verslag vir publikasie beskikbaar gestel het nie.

6. Die Voorsitter, of 'n deur die Voorsitter in die algemeen of in die besonder daartoe gemagtigde beampte in die teenwoordigheid van die Voorsitter, moet 'n getuie wat voor die Kommissie verskyn, 'n eed opleê of van hom 'n bevestiging afneem.

7. (1) 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, mag slegs deur 'n persoon, of die regsverteenwoordiger van so 'n persoon, gekruisverhoor word indien die Voorsitter sodanige kruisverhoor toelaat omdat hy dit in belang van die werksaamhede en ondersoek van die Kommissie nodig ag.

(2) Die Voorsitter kan, wanneer hy die kruisverhoor van 'n getuie ingevolge subregulasie (1) toelaat, sodanige kruisverhoor beperk tot die onderwerpe en op die wyse wat hy in belang van die werksaamhede en ondersoek van die Kommissie nodig ag.

ficer generally or specifically authorised thereto by the Chairman in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare that, except in so far as it may be necessary for the purposes of the report of the Commission of Inquiry into Alleged Irregularities and Misapplication of Property in Representative Authorities in, and the Central Authority of, South West Africa, or in terms of an order of a competent court, I shall not communicate to any person any matter or information which may come or may have come to my knowledge at or in connection with the inquiry of the said Commission, or the performance of my duties in connection therewith, and that I shall not suffer or permit any person to obtain access to the proceedings and documents of the said Commission, including any note, record or transcription of the proceedings of the said Commission in my possession or custody or in the possession or custody of the said Commission or an official."

(2) No person shall, except in so far as it may be necessary in the execution of the terms of reference of the Commission or in terms of an order of a competent court, publish or furnish or communicate to any person the report of the Commission or a copy or any part thereof or an extract therefrom or any finding, recommendation or information contained therein, unless and until the Administrator-General has made the report available for publication.

6. The Chairman, or any officer generally or specifically authorised thereto by the Chairman in the presence of the Chairman, shall administer an oath to or take an affirmation from any witness appearing before the Commission.

7. (1) Any witness appearing before the Commission may be cross-examined by a person, or the legal representative of such person, only if the Chairman permits such cross-examination because he deems it necessary in the interests of the functions and inquiry of the Commission.

(2) The Chairman may, when he permits the cross-examination of any witness in terms of subregulation (1), limit such cross-examination to the subjects and in the manner which he deems necessary in the interests of the functions and inquiry of the Commission.

8. Indien 'n persoon wat voor die Kommissie verskyn of verskyn het of wat opgeroep is om voor die Kommissie te verskyn, aldus versoek, kan die Voorsitter na goeëdunke gelas dat niemand die naam of adres van daardie persoon of enige inligting wat waarskynlik sy identiteit sal openbaar op enige wyse hoëgenaamd mag publiseer nie.

9. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, mag na goeëdunke van die Voorsitter en op die wyse wat hy bepaal, deur 'n advokaat of prokureur bygestaan word.

10. Die Kommissie of die Voorsitter of 'n lid of 'n beampte kan te enige redelike tyd enige perseel vir die doeleindes van die Kommissie se ondersoek betree en inspekteer en aldaar enige ondersoek instel wat hy nodig ag en enige dokument wat op sodanige perseel is of bewaar word, opeis, ondersoek en in beslag neem of kopieer of uittreksels daaruit maak.

11. Niemand mag die Kommissie of die Voorsitter of 'n lid beledig, neerhaal of verkleineer of die verrigtinge of bevindings van die Kommissie benadeel, beïnvloed of vooruitloop nie.

12. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies of 'n lasgewing kragtens regulasie 8 oortree of versuim om daaraan te voldoen of wat die Kommissie, die Voorsitter, 'n lid of 'n beampte opsetlik hinder, teengaan of dwarsboom by die uitoefening van 'n in regulasie 10 bedoelde bevoegdheid, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

8. If any person who appears or has appeared before the Commission or who has been summoned to appear before the Commission, so requests, the Chairman may in his discretion order that no person shall publish in any manner whatsoever the name or address of that person or any information likely to reveal his identity.

9. Any witness appearing before the Commission may, in the discretion of the Chairman and in the manner determined by him, be assisted by an advocate or attorney.

10. The Commission, or the Chairman or any member or officer may, for the purposes of the Commission's inquiry at any reasonable time enter and inspect any premises and there carry out any investigation which it or he deems necessary and demand, peruse and seize or copy or make extracts from any document which is or is kept in custody upon such premises.

11. No person shall insult, disparage or belittle the Commission or the Chairman or a member or prejudice, influence or anticipate the proceedings or findings of the Commission.

12. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these regulations or an order under regulation 8 or who wilfully hinders, resists or obstructs the Commission, the Chairman, a member or any officer in the exercise of any power referred to in regulation 10, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or to imprisonment for a period not exceeding six months.